**Die Here se seën**

**Num 6:22-27**

**9 Mei 2021**

1. Wie word geseën? (v23 en 27)
    a. Die Israeliete word geseën
    b. Fokus van hoofstuk 5-6: die volk moet rein wees
    c. Fokus van hoofstuk 7-10: aspekte van diens in die tabernakel
    d. Lev 10:10 – drie grade: onrein, rein, heilig
    e. Die volk wat geseën word, is rein, maar nie volmaak heilig nie
    f. Gelowiges is geregverdig, op pad na volmaakte heiligheid (d.i. heerlikheid)
    g. v23, 27: "hulle" – meervoud; v24-26: "jou" – enkelvoud. Die Here seën die volk deur die individu te seën
2. Wie seën? (v22-27)
    a. Die Here (Verbondsgod) seën, deur die priesters
    b. Die Here neem die inisiatief om te seën
    c. Basis vir die Here se seën: Sy liefde en Sy getrouheid aan verbondsbeloftes (Deut 7:7-8)
3. Wat is die inhoud van die seën? (v24-27)
    a. Algemene opmerkings:
        i. Seën as belofte: meeste vertalings, seën as gebed: DAV
        ii. NAV het v25 en 26 geïnterpreteer – onduidelik wat die motivering was
        iii. Seën word in drie stellings gegee: eerste deel 'n handeling van die Here, en die tweede deel die effek van die handeling
    b. Die Here sal jou seën en behoed (v24)
        i. Die Here buig neer na die volk/gelowiges (Deut 28:10-12)
        ii. Die Here is hulle Beskermer (Ps 121)
    c. Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees (v25)
        i. Moses se aangesig het geblink na die Here met hom gepraat het (Eks 34:28 ev)
        ii. Moses kon nie die Here se aangesig sien nie – maar die Here bewys genade (Eks 33:19-23)
        iii. God laat lig skyn in die harte van gelowiges – die evangelie (2 Kor 4:4-6)
    d. Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee (v26)
        i. Die Here draai Sy gesig na jou met genoegdoening, goedkeuring – Hy glimlag
        ii. Vrede:
            - Joh 14:27 – is nie wêreldse vrede nie
            - Rom 5:1 – vrede met God
            - Ef 2:17-22 – vrye toegang tot God, hulle is die gebou van God!
        iii. Onthou: die volk wat geseën word, was rein nie heilig nie – was op afstand van die tabernakel. Maar die resultaat van die seën is dat hulle die gebou van God word!
    e. "Genade en vrede vir julle": Rom, 1&2 Kor, Gal, Ef, Fil, Kol, 1&2 Tess, 1&2 Tim, Tit, Filemon, 1&2 Pet, 2 Joh, Judas, Op
    f. So moet die priesters My Naam op hulle lê (v27)
        i. Deur die seën skryf die Here deur die priesters Sy Naam op hulle
        ii. Jesus beloof dieselfde aan die wat die oorwinning behaal (Op 3:12)